



Verwysing: 20200313-5685  
Lêerno.: 9/2/1/2  
Navrae: S Howes

Inrigtingsontwikkeling en -këördineringsminuut: 0002/2020

Aan: Distriksamptenare, Departementshoofde, Prinsipale, Lede van beheerliggame en Opvoeders

**Onderwerp: Uitnodiging aan skole om in 2020 aansoek te doen om blou gedenkplake**

**1. Algemene inligting oor die 2020 Blou Gedenkplak-skoleprojek**

- 1.1 Die Blou Gedenkplak-skoleprojek is in 2015 deur die Sentrum vir Bewaringsopvoeding en die Simon van der Stel-stigting in die lewe geroep. Een-en-twintig skole in Kaapstad het sedertdien blou gedenkplate ontvang.
- 1.2 Baie skole het 'n lang geskiedenis en trotse erfenis van onderwysvoorsiening aan hulle gemeenskappe. Party van hierdie skole het bekende name, en hulle voortrefflikheid het op verskillende wyses onder die aandag van die publiek gekom. Tog het baie ander skole ongemerk in die skaduwee gebly weens ons land se onbillike verlede. Dit geld veral vir die baie sendingskole wat in puik instellings in minderbevoorregte gemeenskappe ontwikkel het. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement glo dat elke skool tel en dat alle skole erkenning vir hulle bydraes verdien.
- 1.3 Blou gedenkplate is in 2019 aan die volgende skole toegeken:
  - Laerskool Muhammedeya (vir die bydrae wat 'n vorige onderwyser, Muhammed Salie Berdien, gemaak het)
  - Laerskool Wes-Einde (vir buitengewone diens aan die gemeenskap)
- 1.4 Blou gedenkplate is 'n internasionaal-herkende simbool van geboue en plekke wat van groot belang in die geskiedenis en erfenis van 'n plaaslike gebied is. Die Erfenisvereniging van Suid-Afrika (Heritage Association of South Africa, HASA) (voorheen die Simon van der Stel-stigting en hierna as "die HASA" verwys) het die afgelope 50 jaar 'n Blou Gedenkplak-projek bedryf.

- 1.5 Met die toekenning van 'n blou gedenkplak, gee hierdie projek herkenning en status aan geboue en persele wat van historiese belang en waarde is. Vir verdere inligting en om te sien hoe blou gedenkplate toegeken word, lyk, besoek [www.simonvdstel.org](http://www.simonvdstel.org) of [www.heritagesa.org](http://www.heritagesa.org).
- 1.6 Skole was in 'n groot mate oor die hoof gesien en ondervteenwoordig in die toekenning van blou gedenkplate. Die Sentrum vir Bewaringsopvoeding (hierna as "die Sentrum" verwys) en die HASA wil die projek onder die aandag van skole bring en daardie skole wat van mening is dat hulle vir 'n blou gedenkplak kwalifiseer, aanmoedig om aansoek te doen deur sorgvuldig aandag te gee aan die kategorieë wat in paragraaf 4 genoem word.
- 1.7 Blou gedenkplate kon tot onlangs nie aan skole buite die grootstadsgebied van Kaapstad toegeken word nie. Dit het egter verander sedert die HASA sy ondersteuning aan die projek gegee het. Plaaslike erfenisstigtings is ook versoek om dit te ondersteun en party van hulle het belowe om blou gedenkplate vir verdienstelike skole wat nie self daarvoor kan betaal nie te borg:
- a) Kaapstad-gebied: Stigting Simon van der Stel (een gratis gedenkplak/jaar)
  - b) Paarl-gebied: Drakenstein Erfenisstigting (een gratis gedenkplak/jaar)
  - c) Stellenbosch-gebied: Stellenbosch Erfenisstigting (een gratis gedenkplak/jaar)
  - d) Skole in ander gebiede kan steeds aansoek doen, maar moet bereid wees om self vir hulle blou gedenkplate te betaal.
- 1.8 Hierdie projek is dus nou oopgestel aan alle skole in die Wes-Kaap. Maar getalle sal beperk word weens die administrasie daaraan verbonde.

## **2. Voordele vir skole**

- 2.1 Die ontvangs van 'n blou gedenkplak mag die volgende voordele vir skole inhou:
- a) Blou gedenkplate word internasionaal erken as simbole van die erfenisstatus van 'n gebou of perseel.
  - b) Blou gedenkplate is gesaghebbend en slegs 'n beperkte getal sal elke jaar toegeken word, afhangende van die beskikbare bronne en administrasie daaraan verbonde.
  - c) Blou gedenkplate word aan die voorkant van die skool aangebring as 'n permanente historiese baken om die skakel tussen die skool en 'n aktiwiteit, gebeurtenis of persoon te gedenk. Dit word prominent vertoon sodat leerders, ouers en besoekers dit kan sien.
  - d) Die toekenning van 'n blou gedenkplak verleen erkenning aan 'n skool vir die bydrae wat dit tot die onderwys in sy gemeenskap en tot onderwys in die algemeen maak het.
  - e) Blou gedenkplate is 'n bron van gemeenskapstrots en prestasie.
  - f) Die blou gedenkplate is smaakvol ontwerp en uit sterk stowwe vervaardig.
  - g) Saam met die insette en goedkeuring van 'n paneel wat deur die HASA en/of sy geaffilieerdes aangestel is, besluit skole self oor die taal- en bewoording op die gedenkplate.

- h) Skole wat blou gedenkplate ontvang, sal op die HASA en plaaslike erfenisstigtings se webtuistes gelys word.
- 2.2 Die aansoekproses is eenvoudig gehou, sodat dit nie nodig vir skole is om onnodige tyd aan lang en uitvoerige aanbiedings te bestee nie.

### 3. Hoe die Blou Gedenkplak-skoleprojek werk

- 3.1 Die gedenkplate is duur om te vervaardig. Die HASA, deur middel van sy geaffilieerdes (die erfenisstigtings in paragraaf 1.7 genoem), sal vir 2020 **blou gedenkplate gratis toeken aan drie verdienstelike skole** binne die gebiede wat deur hierdie stigtings gedek word, behalwe dat hulle die gedenkplak moet gaan haal en opsit. Skole wat reken dat hulle aan die kriteria voldoen, word uitgenooi om aansoek te doen.
- 3.2 Skole wat in staat is om self vir die blou gedenkplate te betaal, word egter ook uitgenooi om aansoek te doen. **Vyf** skole kan onder hierdie keuse oorweeg word.
- 3.3 Die koste van 'n blou gedenkplak, met uitsondering van die installering daarvan, kan vanaf R 1 800,00 tot R3 000,00 wissel, afhangende van watter verskaffer die erfenisstigting (kyk paragraaf 1.7) gebruik en die stowwe wat gebruik word. Skole wat suksesvolle aansoeke gehad het en wat die koste self sal dra, sal vir 100% van die kostes gefaktureer word voordat die gedenkplak bestel word.
- 3.4 Elke aansoek sal op meriete deur 'n paneel beoordeelaars wat die HASA, die verskillende erfenisstigtings en die Sentrum verteenwoordig, oorweeg word. Skole hoef slegs aan **een van die ses kriteria** wat in paragraaf 4 gelys word, te voldoen. Skole moet hulle aansoeke motiveer (bronne aandui sodat inligting gestaaf kan word), hulle moet verklaar dat hulle gewillig is om die blou gedenkplak aan die voorkant van hulle gebou ten toon te stel, en hulle moet hulle aansoeke teen die vervaldatum voorlê. 'n Aansoekvorm (Bylae A) word aangeheg. **Skole word daaraan herinner dat die feit dat hulle 'n aansoek ingedien het, nie vanselfsprekend sukses waarborg nie.**
- 3.5 Skole sal per e-pos en telefoon in kennis gestel word of daar 'n blou gedenkplak aan hulle toegeken is al dan nie. Dit is volkome na goeddunke van die paneel. Skole wat aan die maatstawwe voldoen maar nie tegemoetgekom kan word nie as gevolg van 'n groot getal aansoeke, sal versoek word om die volgende jaar weer aansoek te doen.
- 3.6 Skole wat blou gedenkplate ontvang, moet hulle **leerders, ouers, beheerliggame en skoolgemeenskappe inlig** oor hierdie erkenning. Verleerders moet bewus gemaak word van die gedenkplak se simboliek en waarde.
- 3.7 Skole wat blou gedenkplate ontvang, moet self **'n amptelike oorhandiging en onthullingseremonie organiseer** op 'n datum en tyd wat die skool en die organiseerders pas. Dit moet, indien moontlik, **binne dieselfde kalenderjaar as die toekenning** val en **leerders moet verkieslik betrokke wees.** 'n Verteenwoordiger van die HASA, die

betrokke erfenisstigting of die Sentrum sal teenwoordig wees indien genooi. Die blou gedenkplate moet 'n paar dae voor die gebeurtenis op die muur aangebring word.

#### 4. Kategorieë

4.1 Die kategorieë is die volgende:

- a) Die leeftyd van die skool (moet ouer as 125 jaar oud wees om te kwalifiseer)
- b) 'n Gebou van argitektoniese belang (bv. welbekende argitek, boustyl, ens.)
- c) Die skool se besondere **uitsonderlike diens** aan die gemeenskap (bv. eerste skool in die gemeenskap, oudste onafhanklike skool, bydrae tot spesiale onderwys, opheffing van die gemeenskap, ens.)
- d) Die skool se oorlewing in moeilike omstandighede (bv. die Engelse Oorlog, gedwonge verskuiwings, rol in die stryd om demokrasie, natuurrampe, ens.)
- e) 'n Voormalige leerder of opvoeder wat naam gemaak het (die naam moet genoem word en die persoon moet ten minste 20 jaar gelede gesterf het)
- f) Skole wat gesluit is, maar nogtans 'n betekenisvolle rol in die onderwys gespeel het.

4.2 Skole mag vind dat hulle vir meer as een kategorie kwalifiseer, maar hulle moet die EEN kies wat die beste aandui waarop hulle die trotste is. Daar kan slegs EEN blou gedenkplak aan 'n skool toegeken word, en die kategoriekeuse moet dus sorgvuldig oorweeg word.

#### 5. Aansoeke vir 2020

5.1 Die sluitingsdatum vir voorleggings is **22 Mei 2020**.

5.2 Aansoeke moet elektronies per e-pos op die aansoekvorm wat voorsien is (Bylae A) gedoen word, en aan [principal@centreforconservation.co.za](mailto:principal@centreforconservation.co.za) voorgelê word.

5.3 Aansoeke wat per hand afgelewer en gepos word, sal ook aanvaar word, mits hulle voor die sluitingsdatum ontvang word. Hierdie aansoeke moet geadresseer of afgelewer word aan: **Die Prinsipaal, Sentrum vir Bewaringsopvoeding, Aliwalweg 9, Wynberg, 7800.**

6. Tree met die prinsipaal van die Sentrum, Sigi Howes, by telefoonno. **021 762 1622** in verbinding vir verdere inligting.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle skole in u distrik.

**GETEKEN:** HA LEWIS

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: INRIGTINGSONTWIKKELING EN -KOÖRDINERING**

**DATUM:** 2020-03-18

**BLUE PLAQUE SCHOOLS PROJECT  
2020 APPLICATION FORM**

Please return to [principal@centreforconservation.co.za](mailto:principal@centreforconservation.co.za)

**Closing date: 22 May 2020**

School: \_\_\_\_\_

Address: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_ Postal code: \_\_\_\_\_

Tel: (021) \_\_\_\_\_

Email: \_\_\_\_\_

We hereby wish to apply for a Blue Plaque in the following category:

(Even if more than one category applies to your school, please choose the ONE that best describes what your school is proudest of. You may mention the other category/categories in the motivation. Maximum 400 words)

1.  The age of our school (over 125 years)
2.  Architecturally significant building
3.  School's exceptional service to the community
4.  School's survival under difficult circumstances
5.  A past learner or educator (mentioned by name; no longer living; 20 years deceased)
6.  A school that has closed and been lost

**Our motivation is presented over the page.**

**If we could select the final wording on the plaque, we would like it to say:**

(Maximum 25 words)

**Our choice of language is:**

(please select a maximum of two; if you want to have the plaque in two languages, then the wording limitation of 25 words must include both languages)

English     Afrikaans     Xhosa     Other (please specify: \_\_\_\_\_)

**Should we be successful in being awarded a Blue Plaque, we commit to:**

- displaying the Plaque on the front of our school, nearest the entrance;
- collecting the Plaque from a mutually agreed place;
- putting up the Plaque ourselves;
- allowing the organisers and their workers access to the school in order to affix the plaque if we are within 10 km from the Centre for Conservation Education;
- informing our learners, parents and school community about the awarding of the Plaque;
- arranging a 'handing-over' ceremony at which learners will also be present
- taking care, to the best of our abilities, that the Plaque is not damaged, vandalised or stolen.

**We wish to be considered for one of the two annual free Blue Plaques donated by the heritage organisations in the following areas: Cape Town & Drakenstein**

**We are able to pay the full cost of the Blue Plaque (R 1 800-00 – R 3 000)**

Name of contact person (please print):

Signature:

Name of principal (please print):

Signature:

Date:

**Our motivation is as follows:**

(Maximum 400 words. Please list the sources of this information, as it will have to be verified by the organisers. You may attach a maximum of 5 photographs if you feel they give weight to your application).